LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 5/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Ken God, maak beter besluite

Paulus skryf die volgende in Romeine 7: 15: "Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek. Dat ek nie wil doen wat ek doen nie, beteken dat ek toegee dat die wet goed is." Ek dink Paulus som baie van ons hier goed op. Ons weet wat die regte ding is om te doen, maar ons maak soms steeds die verkeerde besluit en doen die teenoorgestelde. Ons weet ook dat baie van ons in die moeilikheid kom as gevolg van verkeerde besluite wat ons geneem het. Ons dink soms, as ek maar net die vermoë kan ontwikkel om beter besluite te neem. Spreuke 9: 10 sê vir ons "Wysheid begin met die dien van die Here; wie die Heilige ken, het werklik insig." Salomo het ook hierdie verstaan, ek dink hy het seker maar ook soos ons foute begaan en uit hierdie foute ook tot die slotsom gekom, hoe meer ek God dien en hoe nader ek aan God beweeg hoe meer verbeter my besluitneming.

## Goegieland

Baie dankie vir die ouers wat hul kinders gehoorsiftingtoetse laat doen het by Me. Danìle Neethling. Sy sal die uitslae aan ons terugstuur teen volgende week. Die klasonderwyseres sal dit dan in elke getoetsde maat se kletsboekie plak.

Ons doen asseblief 'n ernstige beroep op die ouers met klein maats. Ouers moet ons maats se hande vashou wanneer hulle by die hekkie uitgaan. Kleintjies hardloop by hek uit en tussen motors in.

Ons herinner u aan ons tweede pretdag. "Beeld 'n sport uit pretdag" vind plaas op 21 Februarie 2025. Moet asseblief nie geld spandeer nie, gebruik gerus items in die huis.

Laastens herinner ons u aan ons jaarlikse Goegiespele. Dit vind plaas op Vrydag, 28 Februarie 2025 vanaf 14:00. Ons bedank graag al ons Borge vir ons spoggerige hempies. Ons kan nie wag om dit met die Goegiespele en Vrydae te dra nie.

Groete uit Goegieland

## Koop die tyd uit

Hier aan die einde van die week, in die middel van Februarie, besef ons die skool is reeds 'n maand aan die gang. Ons toetsreeks het begin en sal vir die volgende paar Donderdae voortduur tot en met amper die einde van die kwartaal. Tydens hierdie oomblik besef ons weereens tyd is geleen en ons groet mekaar nie meer met voorspoedige nuwe jaar nie, ons het amper weer 'n vakansie nodig. Ons moet die tyd uitkoop, moenie energie verspeel op onnodige moelikheid nie. Neem die besluit wat belangrik is en handel daarvolgens, u sal vinnig tot die besef kom u is baie rustiger met 'n rustiger gemoed.

## Ondersteunershemde

Ons wil graag die nuwe ondersteunershemde bekendstel. Ouers kan gerus in klerewinkeltye kom aanpas, bestel & betaal. Klerewinkeltye is Maandae en Vrydae vanaf 09:00 tot 09:30, Woensdae vanaf 16:00 tot 17:30. Die afsluitingsdatum vir die "bulk" bestelling is 14 Februarie 2025. Verdere kommunikasie sal deurgegee word vir die afhaal van die ondersteuners-hemde.




## Week se Program

### 18 Februarie 2025

- Dagboektoets Gr. 4 tot 7

### 20 Februarie 2025

- Toets: Afrikaans

### 22 Februarie 2025

- Atletiek: Gert Sibande te Secunda Stadion

### 17 & 18 Februarie 2025

- Klein-Maar-Getrain Mini-netbalkliniek o/8

### 18 tot 20 Februarie 2025

- Rugby 1stes te HS Secunda

# Dankbaarheid

Hierdie week is ons dankbaar dat ons sondes vergewe is en Jesus bly in ons harte!




# Drama

Graad 0 tot 2 het hierdie week hulle eerste oefening gehad. Graad 3 tot 7 se drama-oefening begin volgende week. Onthou om al julle skeurstrokies terug te stuur, sodat julle op die WhatsApp-groep gelaai kan word.

# Klein-maar-Getrain

Baie dankie aan al die o/9-dogters wat die netbalkliniek bygewoon het. Die o/8-mini-netbalkliniek is as volg:

17 Februarie 2025 - 13:30 tot 14:45
18 Februarie 2025 - 14:00 tot 15:30

o/6 se voorseisoen sal begin in die week van 24 tot 28 Februarie 2025. Ons sal tye kommunikeer op watter dae watter klas oefen. Dogters oefen in hul speeltyd. 'n Skrywe sal uitgestuur word met al die inligting.

# Atletiek Top 10

ATLETIEK - Op Saterdag, 8 Februarie 2025 het die Top 10 atletiekbyeenkoms te TUKS plaasgevind. Baie geluk aan die volgende atlete wat uitstekend gevaar het!

**o/8S 60m**
Arlu Greeff - 3de in sy lopie, 8ste finaal
**o/8S 80m**
Handré Carstens - 5de in sy lopie
Arlu Greeff - 6de in sy lopie
**o/10D 1200m**
Charlize Labuschagne - 21ste
**o/11S Verspring**
Jason Stratford - 9de
**o/12D 150m**
Chloé Kleb - 4de in haar lopie
- 17de finaal
**o/12D 150mH**
Chloé Kleb - 4de in haar lopie, 15de finaal
**o/12S 100m**
Jayden Ferreira - 7de in sy lopie
**o/12S Gewigstoot**
Jeandré Oosthuizen - 3de
**o/12S Diskus**
Jeandré Oosthuizen - 10de
**o/13D 800m**
Izanie Ferguson - 9de
**o/13D 1500m**
Izanie Ferguson - 10de
Milan Zwarts - 18de
**o/13S 1500m**
Louis du Plessis - 7de


























| 17 Feb | 18 Feb | 19 Feb | 20 Feb | 21 Feb | 22 Feb | 23 Feb |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Liana Smit | Alyssa Louwrens<br>Haley Hibbins | Zayden Fouché<br>Cayden Louwrens<br>Kiana Prinsloo<br>Emma du Plessis | Aiden Genis<br>Steyn v Onselen<br>Jaydee Pruis<br>Abbeygail Bezuidenhout | Mienke Klopper<br>Cameron Vermaak<br>Damian Barnard | Charnté de Bruto | Jessica Schwartz |

# Atletiek Circuit

Baie geluk aan die volgende atlete wat podiumplekke behaal het tydens die Circuit Atletiekbyeenkoms wat plaasgevind het op Dinsdag, 11 Februarie 2025.




**o/10**

| | | |
|---|---|---|
| Charlize Labuschagne | - | 1ste 1200m |
| Lea Cronje | - | 1ste 70mH |
| Keagan van Eeden | - | 1ste 1200m |
| | - | 1ste Hoogspring |
| Cindy Bredenhann | - | 1ste Gewigstoot |
| Jaunru Liebenberg | - | 1ste Gewigstoot |
| Ben-Paul Botha | - | 2de Gewigstoot |

**o/11**

| | | |
|---|---|---|
| Emma du Plessis | - | 1ste 1200m |
| Mia Munnik | - | 1ste 70mH |
| Renesmé Becker | - | 2de 70mH |
| Lucan Lessing | - | 1ste 70mH |
| | - | 3de 80m |
| | - | 1ste 100m |
| Telisha Muller | - | 3de Gewigstoot |
| Jason Stratford | - | 1ste Gewigstoot |
| | - | 1ste Verspring |
| | - | 1ste Hoogspring |
| AJ vd Merwe | - | 2de Gewigstoot |
| Linay Hartzer | - | 1ste Verspring |
| | - | 1ste Hoogspring |
| Manny Neto | - | 3de Verspring |

**o/12**

| | | |
|---|---|---|
| Mia v Eeden | - | 2de 1200m |
| Chloe Kleb | - | 3de 1200m |
| | - | 2de 75mH |
| | - | 2de 150mH |
| | - | 3de 150m |
| Monique du Plessis | - | 3de Spiesgooi |
| Cayleigh Cooper | - | 1ste 75mH |
| | - | 1ste 150mH |
| Elzané Potgieter | - | 1ste Gewigstoot |
| Alicia Cronje | - | 3de Verspring |
| Mieke Erasmus | - | 1ste Hoogspring |
| Daantjie Lesch | - | 1ste 1200m |
| CJ Meyer | - | 2de 1200m |
| | - | 2de 150mH |
| | - | 2de Spiesgooi |
| Jeandré Oosthuizen | - | 1ste Diskus |
| | - | 1ste Gewigstoot |
| Jayden v Aswegen | - | 2de Diskus |
| Jayden Ferreira | - | 1ste 75mH |
| | - | 2de 150m |
| | - | 3de 100m |
| Nico vd Westhuizen | - | 2de 75mH |
| Ruzelle Grobler | - | 3de Diskus |

Waldt v Niekerk - 1ste Spiesgooi
Dian Viljoen - 2de Gewigstoot

**o/13**

Izanie Ferguson - 1ste 1500m
- 1ste 200m
- 1ste 800m

Milan Zwarts - 3de 1500m
Lianke Luwes - 3de Verspring
Nicole Potgieter - 1ste Spiesgooi
Mienke Visser - 2de Spiesgooi
- 2de Gewigstoot
- 2de Diskus

Kaylie Serfontein - 1ste Gewigstoot
- 1ste Diskus

Willie-Uys J v Rensburg - 2de 1500m
Edmund Ferreira - 3de 80mH
Juan Wels - 1ste 80mH
- 1ste Diskus
- 1ste 200mH
- 1ste Gewigstoot

Armand Joubert - 2de Diskus
- 1ste Spiesgooi

Sebastian Stratford - 1ste Gewigstoot




LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr Gawie van Niekerk
Prinsipaal

